


# ST. WILLEM VAN ROSKILDE

2 SEPTEMBER

(Sterf 1067)



Hy was 'n Angel-Saksiese priester en hofkapelaan vir koning Knoet, die regeerder van Engeland en Denemarke. Op 'n reis na Denemarke is hy geskok oor die onkunde oor die Christelike geloof en hy besluit om daar agter te bly. Hoewel die land amptelik Christelik was, het baie heidense gebruike nog voortgeleef. Sy verhouding met Knoet se opvolger, Sven, was oreg maar stormagtig. Toe hy weier om enigiemand wat bloed vergiet het Heilige kommunie te gee voordat hy nie daarvoor om vergifnis gevra het nie, het die koning met sy manskappe na die katedraal opgeruk, waar Willem hulle ingewag het en verklaar het dat hulle hom eers sou moes doodmaak voordat hulle die heiligdom kon binnegaan. Die koning het tot sy sinne gekom en om vergifnis gesmeek.